

11 September

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:15-23

Fokusgedeelte: Efesiërs 1:18-23 (1933/53- en 1983-vertaling)

Werk saam met ander gelowiges in die koninkryk

Elke dag bid ons vir sekere dinge. Ons bid wanneer ons eet, voordat ons gaan slaap en wanneer ons in die oggende opstaan. Hierdie gebede van ons is dikwels op onself en ons eie belange gefokus. In Efesiërs 1:15-23 gee Paulus ook 'n gebed, maardie gebed is nie in die minste op homself gefokus nie.

Paulus vertel hier in vers 18 van die groot krag van die Gees wat Christus uit die dood opgewek het. En nadat Christus uit die dood opgewek is, gaan sit Hy aan die regterhand van God. Dit beteken dat alle heerskappy en mag aan Hom gegee is. Die groot troos hiervan is dat niks kan standhou waar Christus regeer nie. In Christus is ons van die skandvlek van ons sonde skoongewas en kan niks ons van die liefde van God skei nie (Rom. 8:37-39).

Paulus gaan nou verder en praat van die liggaam van Christus, die kerk. Hierdie beeld word dikwels deur Paulus gebruik (Kol. 3:15; Rom. 12:4-5), en het die doel om die gelowiges (ons vandag ingesluit) daaraan te herinner dat ons in Christus een is. Ons is aan Hom onderwerp soos alles in die skepping aan Hom onderwerp is. Die kerk moet nou as 'n eenheid funksioneer.

Wanneer ons dan ten volle die Hoof van ons liggaam volg en om leiding vra, kan ons weet dat ons niks hoef te vrees nie. Ons kan nou met die grootste ywer saam met ander gelowiges in die koninkryk van God werk.

Sing: Psalm 99:1, 5 (1936)

Teologiese Student FG (Hardus) Lee